



29 Januarie 2021

Geagte ouers

Soos vroeër genoem maak die skool op Maandag, 15 Februarie 2021, vir al ons leerders oop. Maak egter seker van die verskillende tye wat die leerders by die skool moet wees en wanneer hulle verdaag soos in verlede week se inligtingsbrief aangedui is. Ons maak egter gereed vir 'n jaar wat ook nie heeltemal “normaal” sal verloop nie. Hopelik het ons heelwat lesse uit 2020 geleer wat ons vanjaar meer voorbereid sal maak. Weet dus dat alle inligting deurgegee op kort kennisgewing verander kan word.

Wanneer die skool begin is veiligheid van almal steeds vir ons prioriteit. U sal volgende week via die webblad 'n ondernemingsbrief ontvang waarop u onderneem om u kind daaglik te assesser voordat u, u kind by die skool aflaai. Ongelukkig geld verlede jaar se brief nie meer nie en moet daar weer vir elke kind 'n brief voltooi word en op 15 Februarie by u kind se registeronderwyser inhandig word. U kind se temperatuur sal steeds daaglik geneem word met aankoms terwyl die hande ook deurlopend ontsmet sal word. Geen ouers word steeds op die skoolterrein toegelaat nie. Toegewing word wel vir ons nuwe Gr.1-ouers vir die eerste twee weke gemaak.

Net die volgende belangrike sake om van kennis te neem

1. Afhaal van handboeke:

Op Maandag, 8 Februarie en Dinsdag, 9 Februarie, kan ouers leerders se handboeke soos volg kom afhaal:

Plek	Graad	Tyd
Hek 1 (Hoofhek)	Gr. 3-5	8:00 - 13:00
Hek 4 (Swembadhek)	Gr. 6-7	8:00 - 13:00
Sal gekommunikeer word	Gr.1-2	7:00 - 14:00

Riglyne oor hoe die boeke oorgetrek word en ander relevante inligting sal op die e-platform beskikbaar wees onder die verskillende vakke en grade.

Die leerders se huiswerkboekie en tafelkalender word op 15 Februarie aan die leerders uitgedeel. Soos gewoonlik verskyn personeelinligting op die laaste bladsy van die kalender.

2. Sport:

Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat nie-kontaksport in klein groepies onder veiligheidsmaatreëls mag plaasvind. Dit het uiteraard 'n invloed op ons Buitemuurse-rooster. Sodra ons meer duidelikheid het sal hierdie rooster aan u beskikbaar gestel word.

3. E-Kommunikasie:

Die skool maak reeds van verskeie platforms soos o.a. WhatsApp, webblad, bulk sms'e, eposse en karri toep gebruik om inligting vinnig en effektief aan ouers oor te dra. Vanjaar wil ons ook graag gebruik maak van die D6 Communicator om seker te maak dat almal ingelig bly. U sal binnekort meer inligting i.v.m. die D6 ontvang.

NB. Ouers moet asb. die kantoor laat weet indien u epos adres of selfoonnommer verander het aangesien u dan nie al die inligting via daardie platform sal ontvang nie. Indien u nie inligting ontvang nie, moet u dit ook met die kantoor opneem.

4. Finansies:

Die Beheerliggaam doen 'n vriendelike beroep op alle ouers om die debietorderopsie te oorweeg vir die betaling van skoolgelde. Behalwe dat dit vir u goedkoper is (sien punt 2 onder) vergemaklik dit die skool se administrasie en help dit dat ons skoolgeld stiptelik ontvang en dat ons verpligtinge betyds kan nakom. Debietordervorms vir 2021 is beskikbaar op die webblad. Stuur asb. alle debietordervorms so spoedig moontlik na die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za).

4.1 Middagstudie:

Elke leerder wat wil inskakel by die middagstudie moet die toelatingsvorm wat op die webblad beskikbaar is voltooi en voor Vrydag, 12 Februarie epos na beulah@tjokkies.co.za vir aandag mnr. Nicolaas Slabbert.

- Middagstudiegelde beloop R900 per kwartaal. Hierdie gelde is kwartaalliks vooruitbetaalbaar en moet voor 6 Februarie betaal wees. U kan reël dat dit saam met u skoolgeld oor elf maande per debietorder betaal word (R300 per maand). 'n Nuwe debietordervorm moet na die finansiële kantoor gestuur word indien middagstudie ingesluit moet word. U kan dit ook eenmalig per jaar betaal (R3 300). Vir alle gelde wat u per bankdeposito of internet betaal moet u asb. u kind se kode gebruik. (Verkrygbaar by die finansiële kantoor). Geen Middagstudie-ouervergadering sal vanjaar gehou word nie. Belangrike inligting sal via e-pos aan u gestuur word.

4.2 Skoolgeld:

U word versoek om die skrywe in verband met skoolgeld wat verlede jaar saam met die rapporte gesirkuleer is, opnuut te bestudeer.

Die volgende word weer beklemtoon:

(1) Die skoolgeld vir 2021 moet elke maand voor die 7de van die maand betaal wees.

As 'n vergunning kan u die skoolgeld as volg betaal:

- Een paaiement van R12 430 voor 1 Maart 2021 (R1 210 korting)
- Elf paaiemente van R1 130 per maand, indien u per debietorder betaal. (7 Febr. - 7 Des.)
- Indien u op 'n ander wyse betaal, beloop skoolgeld R1 240 per kind per maand oor elf maande.
- Stuur asb. 'n nuwe debietordervorm na finansiële kantoor indien daar 'n boetie of sussie is wat by 'n bestaande debietorder bygevoeg moet word.
- Dit is ouers se verantwoordelikheid om die finansiële kantoor in te lig indien bankbesonderhede vir debietorders verander het.
- Volle skoolfonds sal op rekeninge gehef word waar debietorders onbetaald is.

(2) Omdat die begroting en skoolgeld deur al die ouers wat die vergadering bygewoon het, goedgekeur is, is skoolgeld regtens afdwingbaar en kan die Beheerliggaam, wat 'n regs persoon is, u laat aanskryf vir uitstaande skoolgelde. Ooreenkomstig die SA Skolewet, is beide ouers aanspreeklik vir skoolgeld ongeag u huwelikstatus.

(3) Ouers wat nie skoolgeld kan betaal nie en dink hulle kwalifiseer vir korting of kwytskelding, moet asseblief vir me. B du Plessis (sekr.) (beaulah@tjokkies.co.za) kontak om die nodige aansoekvorm te kry. (Dit sal dan aan u ge-epos word) Hierdie aansoeke sluit op 23 Februarie. Dit is belangrik om daarop te let dat beide ouers se gesamentlike inkomste in berekening gebring word, ongeag u huwelikstatus en dat beide ouers ongeag u huwelikstatus vir skoolgelde aanspreeklik is. Korting word ook volgens die voorgeskrewe norm (skaal), soos bepaal deur die regulasies van die SA Skolewet, toegestaan. Ouers moet ook elke jaar nuut aansoek doen. U aansoek word vertroulik hanteer en u word skriftelik van die Beheerliggaam se besluit verwittig.

5. Oueraande:

Die jaarlikse afskop oueraande sal vanjaar via elektroniese kommunikasie gedoen word. Dus sal die datums soos wat dit op die kalender verskyn nie kan plaasvind nie.

6. Tjokkie Gesinsdiens:

Die opkoms van verlede jaar se 50 jaar Dankdiens in die Universitas Geloofsentrum was ongelukkig uiters terleurstellend. Vanjaar se Tjokkiediens is geskeduleer vir Sondag, 7 Februarie. Onder vlak 3 van inperking mag plekke van aanbidding slegs dienste hou met

'n klein hoeveelheid persone. As alternatief gaan ons vanjaar die diens "live stream". Ons nooi u uit om as gesin daarby in te skakel. Die skakel vir die diens sal vroegtydig aan u deurgegee word. Hierdie diens is oop vir almal, ongeag u denominasie.

7. Verjaarsdae:

Die volgende personeel het reeds in hierdie jaar verjaar.

7 Jan. Mev. Dorette Smith (Gr.7)

8 Jan. Mnr Ockie Fourie (Rekenaarsentrum)

17 Jan. Mev. Hanlie Dippenaar (Musiek)

18 Jan. Mnr. Jannie Oosthuizen (Gr.7)

26 Jan. Mev. Marietjie Barkhuizen (Gr.1)

8. Toelatings vir 2021:

Voornemende ouers moet kennis neem dat Gr.R aansoeke vir 2022 reeds vanaf 1 Februarie 2021 ingewag word. Aansoeke sal vervolgens aanlyn ingedien moet word via "Google forms" - die link sal beskikbaar wees vanaf 00:00 op Maandag 1 Februarie 2021. Geen aansoeke sal meer per hand by die skool aanvaar word weens COVID-19 protokol. Let wel: *Spesifieke toelatingskriteria word gevolg.*

9. Klerebank:

Skooldrag is verpligtend. Ouers moet asb. seker maak dat hul kinders reg geklee is vir skool, voordat hul die huis verlaat. Leerder met verkeerde skooldrag se ouers sal geskakel word om die regte skoolklere te bring.

Klerebank tye is as volg vir die eerste week voor die skool open:

- Maandag, 8 Februarie 2021 (08:00 - 12:00)
- Dinsdag, 9 Februarie 2021 (08:00 - 12:00)
- Vrydag, 12 Februarie 2021 (12:00 - 14:00)

Vriendelike groete



Neels Gunter
Skoolhoof